Pick n Pay Checkers

Gemsbok

RED-OX®
STEAKHOUSE
SINCE 2015
Pickled fish from Saldanhabaai & warm flatbread starter R85
This Easter at Red Ox
Tel: 060 329 3806

Maar die engel antwoord en sê vir die vroue: Moenie vrees nie, want ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar die Here gelê het.
- Matteus 28:5-6

Eerste fase van R1,7 miljard Vaal-Gamagara Watervoorsieningskema oorhandig

DKM in warm water oor riool in Oranjerivier

Gratis binne AgriPulse North West & Northern Cape
Hartklop van die boer

Jou gemeenskapskoerant is aanlyn www.gemsbok.co.za - volg

Upington Volkswagen
www.upingtonvw.co.za
054-338-3000
Like us on Facebook
J.C. Bruwer: 076-775-6544
Billa Maritz: 064-959-2707
Ashley Louw: 071-982-0943
Sam Mokgau: 072-696-1209
Arno Boshoff: 083-285-1010
David Mampe: 071-878-6773
Quientin Bezuidenhoudt: 079-028-2283

Gemsbok
Mondstuk van die Noord-Kaap en Suidelike Namibië
Dr Nelson Mandelarylaan 60
Upington
Tel: 054 332 6017
Faks: 054 332 3055
Epos: elsaj@gemsbok.co.za
GESTIG IN 1929
7 April 2023
9 771680 160001
R4
VAT INCL

Kathu konstabels speel vroedvrou

GEMSBOK-KATHU: "Dit is nie elke dag dat sulke wonders by 'n polisiestasie gebeur nie, maar wanneer dit gebeur, is ons lede in blou altyd gewillig en gereed om te help, maak nie saak wat die situasie mag wees nie." SAPD se Thabo Litabe het dit gesê na aanleiding van 'n voorval waar twee beamptes 'n ma op Maandag 27 Maart 2023 gehelp het om haar baba by die Kathu Gemeenskapsdienssentrum in die lewe te bring.

Volgens Litabe was die skofbevelvoerder, ao Mmota Rasekoai, verstom toe 'n vrou, wat kraampyne ervaar het, by die stasie aangekom het om hulp te vra.

Ten spyte van die onverwagte gebeurtenis, het twee konstabels beheer geneem en gesorg dat die vrou die sorg en aandag kry wat sy nodig het.

Danksy die vinnige reaksie van konstabel Violet Mothole en Nomthandazo Bangiso het die ma geboorte geskenk aan 'n gesonde babadogtertjie genaamd Tshepiso.

Die beamptes was nie alleen in hul pogings om die nuwe ma en baba te help nie, verpleegster Pitso en brandbestryders van die Gamagara-munisipaliteit het ook op die toneel aangekom om nageboortesorg te verskaf.

Die ma en haar baba is kort daarna na die Kuruman-hospitaal vervoer vir verdere mediese behandeling.

Kathu-stasiebevelvoerder, luitenant-kolonel Modise, het sy opregte dankbaarheid en waardering uitgespreek teenoor al die lede en ander rolspelers wat gehelp het met die geboorte van baba Tshepiso, met wie dit na bewering goed gaan, het Litabe gesê.

Intussen het die voorval gemengde reaksies aanlyn ontlok.

Facebook-gebruikers het die polisie geprys terwyl hulle kennis geneem het van die wantroue wat burgers in openbare gesondheidsdienste het.

Danksy die vinnige reaksie van konstabel Violet Mothole en Nomthandazo Bangiso het die ma geboorte geskenk aan 'n gesonde babadogtertjie genaamd Tshepiso.

Do you own a child friendly family restaurant, or do you offer tranquility where customers can leave their everyday troubles outside and just relax? Or a pleasant pub where friends can enjoy a burger, or a cosy restaurant, ideal for date nigths? Do you offer a hearty buffet, or can customers come and experience your exquisite Table d'hote guide. Whoever your customers are, we can help you reach them with our weekly Bon Appetit guide. We offer restaurants, pubs and take-away restaurants a very special tariff that will leave you hungy for more!! Contact one of our sales consultants for a free quotation or to learn more about this mouthwatering offer!

WEEKLY SPECIALS FROM YOUR FAVOURITE LOCAL RESTAURANTS, PUBS & TAKE-AWAYS

Richtersveld plantkundige wen gesogte toekenning

GEMSBOK-SPRINGBOK: Pieter van Wyk, die plantkundige by |Ai-|Ais/Richtersveld Oorgrenspark, is een van drie wêreldwye wenners van die gesogte Future For Nature (FFN)-toekenning en sal binnekort sy prys in Nederland ontvang.

Geïnspireer deur die Future For Nature-toekenningwenners, het Wageningen Universiteit se ekoloë, Ignas Heitkönig en Rascha Nuijten, die Future For Nature Academy (FFN Academy) in 2016 gestig. Tans word die FFN Akademie gekoördineer deur Marit Hertlein.

Die FFN Akademie versprei die inspirasie en toewyding van FFN-toekenningwenners en ander bewaringshelde aan 'n groeiende netwerk, van studente en jong gegradueerdes, regoor Nederland, om hierdie jong generasie se passie vir natuurbewaring aan te wakker.

Hulle doen dit deur verskillende aktiwiteite soos uitstappies, lesings en simposia te organiseer. Hulle skep 'n platform vir mense om te ontmoet, te bespreek en saam planne te maak vir 'n beter toekoms vir die natuur.

Pieter het gewen vanweë sy uitstaande pogings in die beskerming van sy spesie.

Suid-Afrikaanse Nasionale Parke en spesifiek die Ariedestreek, is uiters trots op Pieter wat hierdie gesogte toekenning ingepalm het. Hulle kan nie wag om te sien watter veranderinge hy sal implementeer met sy terugkeer nie - dit alles om die beskermde spesies van die Richtersveld te bevorder.

Pieter van Wyk, die plantkundige by |Ai-|Ais/Richtersveld Oorgrenspark, is een van drie wêreldwye wenners, van die gesogte Future For Nature (FFN)-toekenning.

DKM in warm water oor riool in rivier

GEMSBOK-UPINGTON: Nog ‘n organisasie dreig nou met regstappe teen die Dawid Kruiper Munisipaliteit, nadat dit aan die lig gekom het dat die munisipaliteit geen poging aanwend om die rou riool wat direk in die Oranjerivier inloop, te keer nie.

Hierdie is nie ‘n nuwe probleem nie, nie net skryf die Gemsbok al vir meer as ‘n dekade oor hierdie aangeleentheid nie - vir jare reeds kla inwoners, organisasies en rolspelers oor die stank, wat vanuit die afvoerkanaal by die duikweg (treinbrug in Schröderstraat) en die vleiland by die Laerskool Oranje-Noord, Hoërskool Duineveld, die Kalahari Mall en die randjie van die Rand-woongebied, opslaan.

Briewe, oproepe en besoeke van organisasies, inwoners en rolspelers blyk op dowe ore te val, aangesien die laaste watermonster, wat vanuit hierdie watersloot geneem is, daarop dui dat dit netsowel rou riool kon wees wat direk in die Oranjerivier inloop.

“Dit is asof jy twee tree vorentoe envier tree terug loop met die Dawid Kruiper Munisipaliteit. Wanneer hulle werkspanne inspring en die riete in hierdie vleilande begin snoei en mnr Padwald Jonker (hoof van DKM se tegniese dienste) stuur ‘n pragtige epos waarin hy met fotos en al, wys hoe hulle nou die probleem van die mangate wat oorloop aangespreek het, dan kry mens vals hoop, want skaars ‘n week later vloei die riool weer vryelik - of nee dit sukkel-sukkel darem so deur die rietruigtes wat weer uitgeloop het, verby die Kalahari Mall en twee skole - onderdeur die duikweg tot binne in die Oranjerivier,” sê Werner Strauss, streekskoördineerder vir Afriforum in die Kalahari.

Afriforum het oor die jare heen, op versoek van menigte van hulle Upingtontaklede, die probleem met mnr Jonker opgeneem.

Die Gemsbok beskik oor tientalle epos korrespondensie tussen mnr Jonker, mnr Philip Bornman (‘n inwoner van die gebied) en Werner Strauss. Die eposse strek oor ‘n kwessie van maande - sedert Junie 2022.

Sommige van die eposse dui daarop dat DKM ‘n oplossing vir die probleem gevind het en dan volg daar ‘n rits eposse waarin dit duidelik is dat die probleem slegs tydelik onder beheer was en weer kop uitgesteek het.

Nadat Afriforum Upington verlede week die terrein rondom die duikweg in Schröderstraat skoongemaak het, het Werner Strauss, sommer weer die water wat onder die duikweg verby loop na die Oranjerivier, getoets.

Die toetse het ‘n baie hoë E. coli telling gewys, wat daarop dui dat dit baie erg met rou riool besmet is.

“Ons is in die proses om regstappe te neem. Ons stuur hierdie week ‘n prokureursbrief aan Dawid Kruiper Munisipaliteit. Indien hulle steeds versuim om op te tree, sal ons die saak tot in die hoogste hof neem,” sê Strauss.

Afriforum is nie die enigste organisasie wat in ‘n stryd met DKM gewikkel is nie.

‘n Noord-Kaapse NRO het kriminele klagtes teen die munisipale bestuurders van 11 dorpe - in agt munisipaliteite- ingedien oor “onheilspellende” rioolbesoedeling wat landbou-uitvoer, die kwaliteit van drinkwater in die provinsie en die gesondheid en lewensbestaan van die dorpe se inwoners bedreig.

Nadat Afriforum Upington verlede week die terrein rondom die duikweg in Schröderstraat skoongemaak het, het Werner Strauss, sommer weer die water wat onder die duikweg verby loop na die Oranjerivier, getoets. Die toetse het ‘n baie hoë E. coli telling gewys, wat daarop dui dat dit baie erg met rou riool besmet is.

“Die enigste reddingsboei van die hele provinsie is die Oranjerivier en dit word met riool besoedel,” sê Fritz Bekker, een van die stigters van Gariep Watch, wat ‘n strafsaak teen die munisipale bestuurders van Vanderkloof, Hopetown, Upington, Kakamas en Vredesvallei aan die Oranjerivier geopen het.

Daar is ook sake hangend teen Bloemhof, Christiana, Warrenton, Vaalharts, Jan Kempdorp en Barkly-Wes aan die Vaalrivier.

“Die rede waarom ons hierdie proses volg ... is dat ons gevind het dat as ons litigeer, dit die belastingbetaler gaan wees wat weer gaan betaal vir die regering wat nie sy werk doen nie.”

Omgewingsmonitering deur Gariep Watch is aan die gang sedert 2017. Hulle bestuur die enigste chemiese, bakteriologiese en biologiese watergehaltedatabasis op die laer Vaal en laer Oranjerivier. “Ons monster stroomop en stroomaf van die groot impakte – die rioolaanlegte wat ons op die rivier geïdentifiseer het. So, wat ons doen, is eintlik om risiko aan die verskillende munisipale gebiede toe te ken,” het Bekker gesê.

Daar is ‘n uitvoerbedryf van R10 miljard stroomaf van hierdie munisipaliteite, wat ‘n risiko vir die uitvoerbedryf inhou, waarvan die vernaamste gewasse tafeldruiwe en rosyne is.

“Dit is nie net die probleem met die uitvoerbedryf nie, dit is werksgeleenthede wat ook verlore gaan,” het hy bygevoeg. “Iemand moet betaal as hierdie munisipaliteite verantwoordelik is vir die kansellasie van uitvoerkontrakte.”

Die departement van water en sanitasie, as die bewaarder van waterbronne, dra ook die skuld vir die besoedeling. Bekker het gesê die departement reik voorskrifte uit en het versagtende maatreëls in plek - “maar hulle gebruik nie die wettige roete nie, omdat dit ’n ongeskrewe wet is, dat die regering nie die regering vervolg nie.

“As jy ’n munisipaliteit kry om ’n boete te betaal, is dit belastingbetalers se geld. Dit is hoekom ons die munisipale bestuurders wil vervolg.”

Die departement se 2022 Groendruppel-verslag het getoon dat slegs 23 afvalwaterstelsels gekwalifiseer het vir gesogte Groendruppel-sertifisering, vergeleke met 60 in 2013. Die oudit het 995 afvalwaternetwerke en behandelingswerke gedek, wat 334 munisipale afvalwaterstelsels geïdentifiseer het, wat in ‘n kritieke toestand in 2021 was, in vergelyking met 248 in 2013.

****** Lees DKM se terugvoer op bl. 9.**

Isuzu N Reeks te koop. Model 2006
R225 000 BTW Ing
Tel: 076 137 7452

MAASDORP VAN WYK SHUTTLE / TAXI
Vertrek uit Upington
Sondag, Maandag, Woensdag en Vrydag
Vertrek uit Kaapstad
Sondag, Maandag, Woensdag en Vrydag
MAASDORP VAN WYK
SIMPLY THE BEST
• Patrick 083 555 0203
•Desmond 078 948 9415
•Kaap kantoor: Margie • 078 644 3535

UPINGTON BETON
OPRIGTING VAN BETON OMHEININGS
Fred Koegelenberg
Sel: 082 5686 990
Tel: 054 332 1083

Albertus Steenkamp - boer in polisieselle

GEMSBOK-CALVINIA: ‘Boer Soek ’n Vrou’ boer, Albertus Steenkamp, boer behoorlik agter tralies nadat hy oor die afgelope twee weke gereeld in die polisieselle gekuier het op aanklagte wat wissel van dronkbestuur tot poging tot moord.

Die Hantam-boer is Maandag glo weer in Calvinia in hegtenis geneem, nadat hy na bewering ‘n plaaswerker omgery het.

Albertus Steenkamp (40) sal binnekort vir’n formele borgaansoek in die hof verskyn, het sers. Timothy Sam, polisiewoordvoerder, aan die media bevestig.

Na wat beweer word is Steenkamp glo deur ‘n 22-jarige plaaswerker op sy plaas gekonfronteer oor ‘n onbetaalde salaris. Steenkamp het blykbaar aggressief opgetree en die plaaswerker weggejaag.

Die volgende dag is die plaaswerker deur Steenkamp glo met ‘n paal gedreig.

Volgens oorlewering het die werker glo sy klere en besittings bymekaargemaak om hom uit die voete te maak, maar Steenkamp het hom in sy bakkie agternagesit en hom glo omgery.

Die polisie ondersoek duur voort.

Steenkamp is verlede naweek glo ook gearresteer - nadat hy moeilikheid gemaak het toe twee verkeersbeamptes hom gekonfronteer het oor bestuur onder die invloed.

Hy is in hegtenis geneem vir dronkbestuur, weerstand teen arrestasie en aanranding.

Rapport het geskryf dat verkeersbeamptes, Audrey Booysen en John Jors, verlede Saterdagaand net voor 23:00 ‘n voertuig van die pad getrek het.

Albertus Steenkamp (40) sal binnekort vir’n formele borgaansoek in die hof verskyn. Hy staan tereg op verskeie aanklagte wat wissel van dronkbestuur tot poging tot moord in onderskeie sake.

Hy het glo aan die verkeerde kant van die pad in Calvinia gery en hulle het hom afgetrek.

Die beamptes het gesê dat Steenkamp onvas op sy voete gelyk het.

Albertus het glo aggressief geraak, toe beampte Booysen haar hand op sy skouer gesit en vir hom gesê het dat hy in hegtenis geneem is.

’n Bron het aan die media gesê Steenkamp het toe beampte Jors teen die bors gedruk, wat daartoe gelei het dat hulle pepersproei gebruik het om hom te kalmeer en na die polisiestasie te neem.

Hy is glo vir bloedtoetse geneem en agter tralies gesit.

Albertus Steenkamp was veronderstel om verlede Maandag in die hof te verskyn, maar het gekla oor pankreaspyn, wat daartoe gelei het dat hulle hom onder polisiebewaking na die hospitaal geneem het, waar hy toetse ondergaan het.

Hy is later op borgtog vrygelaat ná die toetsuitslae en is toe na ‘n hospitaal in Kaapstad vir verdere toetse. Bronne het gesê dat Steenkamp beweer dat hy aan ‘n seldsame siekte ly.

Hy wag glo ook op die besluit van die nasionale vervolgingsgesag oor of iemand vir die dood van ’n werker, Isak Pienaar (43) twee jaar gelede op sy plaas, Perdekloof, aangekla gaan word.

Pienaar het glo in Junie 2020 deur die skoorsteen op die dak van Albertus se plaashuis geval.

Ons volgende 2023 besoek by
LENMED PRIVAAT HOSPITAAL KATHU is
8 JUNIE 2023
*Katarak *Gloukoom *Pterygium
*Makulêre Verkalking
*Diabetes (Suikersiekte) en ander Oogprobleme
*Laser (Vir verminderde bril afhanklikheid)
Vir afsprake
UPINGTON/KATHU: 054 332 3989
KALAHARI KATARAK, OOG & DAG TEATER
UPINGTON
DR ERHARDT D KIDSON
MB CHB(Stell), Dip OPHTH(SA), FC OPHTH(SA)
OOGSPESIALIS / EYE SURGEON

KALAHARI CATARACT, EYE & DAY THEATRE
SPESIALISTE OP PERMANENTE EN BESOEKENDE BASIS ONDERSKEIDELIK VIR 2023
Dr Erhardt Kidson | PERMANENT | Oftalmoloog/Oogarts | 054 332 3989
Dr Jaco Terblanche | 27 – 29 Mrt, 01 – 06 Mei | Oor; Neus en Keel Spesialis | 021 900 6590
NETCARE You're in safe hands
Kalahari Cataract, Eye & Day Theatre
13 Du Toitstraat, Upington
Northern Cape, 8801
Tel: 054 332 3989
Operating Hours:
Mon - Fri: 07:00 -- 16:00
Saturday, Sunday and Public Holiday Closed
MEDICROSS MEDICAL CENTRE
All the quality care you need.

Inskrywings moet die kantoor binne 13 dae na die datum van publikasie bereik. Slegs oorspronklike koerantuitknipsels word aanvaar.

Dankie vir inskrywings, maar geen korrekte Sudoku is ontvang nie.

Gaan haal u R100 Vrydae af by die Multi Prof Sentrum, Markstraat 71

Sudoku # 707

KSG MAKELAARS

Wen R100 van

	2		4	7	8		9	
		4	6					2
	9				1	8	4	
6	5			9				4
		9				3		
		2		8			7	
4	1					7		3
			8	1				
9		5			2			

Naam & Van: .....

Adres: .....

Tel no: .....

ID no: .....

Blokraai 24-03

1 A	2 S	3 T	R	4 O	N	5 O	6 M	7 E	8 R	9
10 L	A	S		11 B	E	S	E	T	E
12 K	L	A	R	E	T		13 L	E	L
O		A		L			A		A
14 H	15 A	R	R	I	16 D	A	N		K
17 O	P			18 S	R		19 O	20 N	S
21 L	I	22 G	23 S	K	U		24 O	N	A
25 I	E	R	S		26 M	27 O	M		S
E		I		28 T		L		29 L	I
30 S	I	L	H	O	U	E	T	T	E

Answer: # 705

1	5	3	9	4	7	2	6	8
7	9	8	6	2	3	5	4	1
4	6	2	5	1	8	9	3	7
5	7	4	8	3	6	1	9	2
2	3	1	7	9	4	8	5	6
9	8	6	2	5	1	4	7	3
8	1	9	3	7	5	6	2	4
3	4	5	1	6	2	7	8	9
6	2	7	4	8	9	3	1	5

KSG MAKELAARS

KSG Makelaars gee die week R100 aan ons Blokraai-wenner Retha Rupping, Oranjehofwoonstel 1, Upt.

Gaan haal u R100 Vrydae af by KSG se kantoor in die Multi Prof Sentrum, Markstraat 71

Blokraai no 07-04

1	2	3		4		■	5		6
7			■		■	■		■	
8					9	10	■	11	
12			■	13			14	■	
	■	15	16					17	
■	■	18					■	19	
20	■	21			■	■	22		
23	24					25	■		■
26		■	■	■	■	27	28		29
30					■	31			

Opgestel deur die Rustenburg Herald - Compiled by the Rustenburg Herald

Dwars/Across

1. Griekse songod.
5. Graansoort, vissoort.
7. Wrongdoing, wickedness.
8. To cheat, to mislead, to deceive.
11. Edisie (afk).
12. Agting, hulde.
13. A buck.
15. Aandmusiek, aandlied.
18. Rotswand, blommekring.
19. Te, op, binne.
21. Vrouenaam.
22. Unhappy, sorrowful.
23. Lugeenheid, lugmageenheid.
26. Werktuie.
27. Grondvlak, streek, gebied.
30. A coarse cotton material.
31. An informal, common abbreviation for the word "mothers".

Af/Down

1. Donkie.
2. A bridge-like framework built out into the sea.
3. Ongemanierd, onbeskaaf.
4. Hulpmiddel, rigsnoer.
5. Betreffende.
6. An unexpected, lucky thing or chance.
9. Feodaal.
10. Eenkeer, eenmaal, eers.
14. Songod.
16. Vrouenaam.
17. A crown, a coronet.
20. An action, a legal document.
24. Soutwatermassa.
25. Sterrebeeld, stamp.
28. Russian orthodox (abbr).
29. Verbrande hout.

R100 kontant is vir 'n gelukkige wenner op die spel. Vul die raaisel in en handig dit in. Posinskrywings sal ook aanvaar word.

Naam & Van: .....

Adres: .....

Tel no: .....

ID no: .....

Onseepkans slyp hul skryftalent

GEMSBOK-ONSEEPKANS: Anzil Kulsen, bekende skrywer van Upington en Quintin Goliath aka Jitsvinger, het onlangs 'n skryfskool op Onseepkans aangebied.

Tydens die naweek is daar gedigte ontleed en getoonset. Sowat 13 voornemende skrywers en digters, kon met Gert Vlok Nel, se Beautiful in Beaufort Wes, as voorbeeld, hul eie liedjie, "Oulik in Onseepkans," skryf.

Daar is gesing, 'n dramateks, wat Anzil geskryf het, voorgedra en skrywers kon verder aan die slot werk.

Jitsvinger het oor kunstenaars se denkwyse rakende die ekonomie, 'n aanbieding gedoen en die rappers het hul talent gewys.

Almal kon by mekaar leer. Die lekkerste vir Anzil was, toe die groep die naweek afgesluit het met SSS Oranjezicht in Keimoes se skoollied.

Anzil het die skryfkursus baie geniet en gesê die mense het diep in haar hart gekruip. 'n Stukkie van haar hart het in Onseepkans agtergebly.

"Wat 'n lieflike naweek van skryf, leer by mekaar, stories uitdink, teorie toepas en mensekennis verbreed.

Een van die deelnemers het beaam dat dit 'n wonderlike naweek was.

"'n Spesiale dank aan ons twee wonderlike gaste, wat die naweek saam met ons deurbring het - Anzil en Jitzvinger. Dankie vir jul kennis wat julle met ons gedeel het en dankie vir dit wat ons by julle kon leer. Ons het nou selfvertroue om aan te gaan. Ek wil aanhaal, "it always seems impossible until it's done," so ek dink met nog n bietjie skuur en skaaf en met die hulp van ons twee gaste vorentoe, sal ons ook skrywers en digters word.

Die naweek is moontlik gemaak deur Blue Sky Impact met Bright Ndlovu en Herman Ackerman aan stuur.

Anje de Clerq en Renita Julie, albei van Blue Sky Impact, was die projekleiers wat gesorg het dat die skryfnaweek op Onseepkans glad verloop

Jitsvinger en Lanie Afrikaner doen 'n "free style". Jitsvinger het Lanie leer kitaarspeel.

Anzil Kulsen en Cordelia Jaar. Cordelia se droom is ook om eendag 'n gepubliseerde skrywer te wees.

Jitsvinger en plaaslike seuns - Rvaldo, Renaldo en Reegan. Jitsvinger is 'n internasionaal erkende rymkletser, bekend vir sy Breinsuikertreffer, mentor die talentvolle NBA, "Never broke again rappers", wat ook hul eie YouTube kanaal het.

Anzil by Rosemary en Joelyn. Joelyn is 'n skrander graad 9 leerder by Friersdale IS. Haar skryfdrome ken geen perke nie. Die kinderverhaal waarmee Rosemary besig is, is vir Anzil iets waaroor lesers opgewonde sal wees!

Die groep skrywers saam met Anzil en Jitsvinger - in geen spesifieke volgorde is: Rivaldo Jaar, Ronaldo Jaar, Reegan Olin, Elma Kordom, Angelo Witbooi, Pamela Gertse, Rosalia Koper, Lanie Afrikaner, Rosmerry Brandt, Joline Kordom, Cordelia Jaar en René Rooy.

Eerste fase van R1,7 miljard Vaal-Gamagara Watervoorsieningskema oorhandig

GEMSBOK-UPINGTON: Die Minister van Water en Sanitasie, mnr Senzo Mchunu, saam met die Noord-Kaapse premier, dr Zamani Saul, het die vennootskap tussen die Mynbouleierskapsforum (MLF) en die Departement van Water en Sanitasie vir die voltooiing van die eerste fase van Vaal - Gamagara Watervoorsieningskema, wat in Junie 2022 voltooi is, geloof.

Die watervoorsieningskema ter waarde van R1,7 miljard, geleë in die John Taolo Gaetsewe-distriksmunisipaliteit, is 'n gesamentlike onderneming tussen die departement en die plaaslike mynbouforum en is deur Bloem Water as die Implementeringsagent opgerig.

Die minister het die Silver Stream-pyplyn-opknapping geïnspekteer. Die pype het, weens ou en gebrekkige infrastruktuur, lekkasies gehad. Die opknapping is ook 'n Openbare Privaat Vennootskap

Die skema bestaan uit die opgradering van 'n bestaande staalpypleiding van 75 kilometer. Die opgradering is tot voordeel van verskeie watergebruikers - wat verskeie myne, munisipaliteite, die landbousektor en ongeveer 6 000 huishoudings in Gamagara en Tsantsabane Plaaslike Munisipaliteite binne die distrik insluit.

Minister Mchunu het die voltooide projek, by die pompstasie in Kathu, Gamagara Plaaslike Munisipaliteit, oorhandig aan Bloem Water om te bestuur en het gesê die projek is voltooi - as gevolg van 'n samewerking tussen die regering en die MLF.

Die MLF het die projek befonds, om te verseker dat wateruitdagings in die John Taolo Gaetsewe-distrik aangespreek word. "Ons waardeer en erken hierdie bydrae wat die MLF gelewer het en dit regverdig die feit dat die regering saam met privaat organisasies kan saamwerk om dienslewering te bespoedig.

Die premier van die Noord-Kaap, dr Saul het ook sy opgewondenheid uitgespreek oor die voltooiing van die Fase 1 Vaal-Gamagara-pyplynprojek - wat die meeste van die watervoorsieningsuitdagings in die distriksmunisipaliteit sal aanspreek.

Dr Saul het gesê die provinsie bestaan meestal uit woestyngebiede, wat nie reënval het nie en met die konstruksie van hierdie pypleidings - sal die meeste gebiede nou skoon drinkwater in hul huise ontvang.

"As die Noord-Kaap is ons uiters opgewonde oor die voltooiing van die eerste fase van Vaal Gamagara Watervoorsieningskema. Ons glo werklik dat die enigste manier waarop ons die lewensgehalte van die mense kan verbeter, is deur massiewe investering in sosiale infrastruktuur - en dit sluit die voorsiening van varswatervoorsiening en waardige sanitasie aan die gemeenskappe in. Ons het die uitvoering en die sukses van hierdie yslike waterprojek van R1,7 miljoen aanskou en ons sien uit na die tweede fase van die pypleidingprojek," het dr Saul gesê.

Mnr Sifiso Nxumalo van die MLF het gesê die opknapping van die pypleiding het die gemeenskappe as die belangrikste begunstigdes geprioritiseer en dit het verseker dat meer megaliter water per dag verhoog word tot voordeel van die huishoudings wat sukkel met skoon, vars watervoorsiening in die distrik.

Minister Mchunu het die voltooide projek, by die pompstasie in Kathu, Gamagara Plaaslike Munisipaliteit, oorhandig aan Bloem Water om te bestuur en het gesê die projek is voltooi - as gevolg van 'n samewerking tussen die regering en die MLF.

Die Departement sal voortgaan met die vennootskap met die MLF, vir Fase 2 van die Vaal-Gamagara Watervoorsieningskema, wat altesaam R4,8 miljard werd is.

Die tweede fase van die waterprojek handel ook oor die opgradering van 'n oorblywende pypleiding van 260 kilometer, vanaf die Vaalrivier-pompstasie na Roscoe naby Kathu in die Gamagara-munisipaliteit.

Wat het geword van Bam Daniels?

GEMSBOK-UPINGTON: Onthou Upington se gemeenskap nog vir Bam Daniels, die top-matrikulant in 1966 van die Hoërskool Carlton-Van Heerden in die destydse Kaapprovinsie? Nick Pretorius het 'n bietjie navorsing gaan doen oor hierdie merkwaardige persoon, wat na matriek hom as 'n mediese dokter bekwaam het.

Geskryf deur Nick Pretorius

Abraham Jacobus Daniels is gebore te Upington op 13 Mei 1949. Hy het in 1955 sy laerskoolopleiding by die Roomse Sendingkerk voltooi en daarna is hy in 1961 by Carlton-Van Heerden ingeskryf. Vyf jaar daarna slaag die alreeds briljante leerling matriek met 'n A-simbool wat hom in staat stel om medies te gaan swot aan die Universiteit van Kaapstad. Sy sesjaar lange studie was toe moontlik gemaak met 'n beurs van Shell Petroleum SA en die finansele bystand van sy mentor, Victor Wessels, 'n bekende politieke aktivis en voormalige Engelse onderwyser by Carlton-Van Heerden op Upington. Vir die jong seun het van sy onderwysers alreeds 'n suksesvolle toekoms voorspel. Sy voormalige Afrikaanse onderwyser, wyle Balling Strauss, het op 'n keer skoon liries geraak oor 'n opstel wat Bam geskryf het. Sy woordeskat was iets fenominaal, was daar opgemerk!

Hier oorhandig dr. Abraham Daniels - Nosiphiwe Mandla se doktersgraad aan haar. Nosiphiwe was 'n leukemie-pasient van dr. Daniels.

In 1973 kwalifiseer hy as mediese dokter en begin werk as 'n intern by die Somerset-hospitaal in Groenpunt, Kaapstad. Twee jaar later bevind hierdie skrander medici hom in die kinderafdeling van Livingstone-hospitaal in Port Elizabeth, vandag bekend as Gqeberha. Die volgende jaar tree dr. Daniels in die huwelik met 'n nooi Charmelle Adriaan van Port Elizabeth. Uit hul huwelik word gebore,

Bam en sy vrou Charmelle Daniels. Haar nooiensvan is Adriaan. Haar familie is van Port Elizabeth en Hankey.

Reuben, vandag 'n IT spesialis in sagteware, Adriaan, wat hom as pediater en toe later as 'n neonatoloog bekwaam het en Braam, 'n elektriese meganiese ingenieur. Die 73-jarige dr. Daniels en sy vrou is vandag die trotse grootouers van drie pragtige kleindogters, Maya (15), Zara (13) en Wrenley (2).

'n Jonger broer van dr. Bam is Martin, 'n onderwyser aan die Laerskool Oranje-Oewer wie se dogter, Beryl, ook 'n mediese dokter is. 'n Susterskind, Gavin Daniels, is ook tans 'n mediese praktisyn in Kanada.

Gedurende 1981 het Bam teruggekeer na Kaapstad waar hy by die Rooi Kruis-kinderhospitaal hom verder bekwaam het in kindergeneeskunde. Ses jaar daarna word hy 'n pediater en in 1990 tree hy toe tot die privaat praktyk. Hier het hy tot 2019 gepraktiseer tot met sy uittrede.

Verlede jaar het dr. Daniels met die hulp van twee kollegas, prof. Denise Zinn en haar man, Allan, gewerk aan die ongepubliseerde digbundels van wyle Victor Wessels. Vroeg in Desember was die bekendstelling van Wessels se digbundel getiteld "Testimony-waarom skryf ek Afrikaans"waarin dr. Daniels 'n leeue aandeel gehad het.

In Februarie vanjaar word hy die eer aangedoen om een van sy leukemia-pasiente, Nosiphiwe Mandla (voorheen Ntenga), wie se droom dit was om ook eendag 'n pediater te kon wees " net soos my dokter Bam". Die eer was toe aan dr.Daniels oorhandig om haar graad aan haar toe te ken!

Vandag spandeer hy sy tyd aan vroulief, sy kinders, kleinkinders, romanse, musiek en poësie. Dan werskaf hy ook graag rond in sy pragtige tuin.

'n Pragtige en suksesvolle lewe het dr. Daniel's baie verskuldig aan sy Hemelse Skepper!

HELP?!
Christelike Afhanklikheidsdiens
Ons bied ondersteuning en nasorg vir enige persoon geraak deur Alkohol, dwelms of ander verslawings.
Moenie wag Kontak Vandag!
Kallie: 082 444 1492/93
Marlize: 082 331 0223
CAD Upington
BYEENKOMSTES:
Donderdae aande 19h00
Adres: 16 Jangroentjie Weg, Keidebees
Besoek gerus CAD Upington se Facebook-blad vir meer inligting.

Veteraanmotors durf Swartbergpas aan

GEMSBOK-UPINGTON: 'n Klompie lede van die Kalahari Oumotorklub het in Februarie, weer die lang pad met hul veteraanmotors aangepak na die jaarlikse George Motorskou.

Die oudste karre was 1967 modelle en die nuutste 'n 1974 model.

Die bywoning van die motorskou is een van die hoogtepunte op die program, van die Kalahari Oumotorklub.

Die lede het reeds 03:00 die Vrydagoggend vertrek van Upington, om na menige stoppe ongeveer 16:00 op George aan te kom. Die rit van 1800 km heen en weer was nie sonder voorval en teëspoed nie.

Van die vyf motors wat die pad aangevat het, het almal een of ander klein probleem ontwikkel, maar met die hulp van baie toegewyde tegniese lede het almal die rit voltooi. Onderdele soos petrolpompe, lugfilters en petrolfilters is langs die pad vervang en daar is selfs batterye uitgeruil.

Lede van die Kalahari Oumotorklub wat die George Motorskou bygewoon het, is vlnr Altus van Rooyen, Marius Stadler, Jaco van Rooyen, Jurie Schneider, Michael Holland-Muter, Werner Horn, Albert du Plessis, Gerrie Horn en Johan van der Merwe.

'n Hoogtepunt vir die groep was om oor die Swartbergpas te ry.

WV Kewers al die pad van Upington af.

Die uitstalling van ongeveer 800 voertuie by George was weereens uit die boonste rakke. Veteraanvoertuie van oor die hele land kom vir die uitstalling.

Van die oudste motors dateer uit die vroeë 1900's. Die aanbieding deur die Southern Cape Old Car Club was baie professionneel en van hoë gehalte.

Hierdie jaar was die tema Italiaanse voertuie. Die byeenkoms is baie goed bygewoon deur duisende besoekers en entoesiaste – selfs in buitengewone warm weer.

Die lede het in 'n skoolkoshuis op die uitstalgronde gebly en was dus deel van alle bedrywighede wat die naweek plaasgevind het.

Sondag is die terugtog weer rondom 10:30 uit George aangepak en die nag is oorgebly op Victoria-Wes. Maandag is vroeg daarvandaan vertrek, met ontbyt op Britstown, en daarna die warm pad tot by die huis op Upington.

'n Hoogtepunt vir die groep was om vanaf Oudthoorn na Prins Albert met die veteraanmotors oor die Swartbergpas te ry. Die Swartbergpas wat sedert 1888 in gebruik is en die Groot- en Kleinkaroo met mekaar verbind, word beskou as een van die passe in Suid-Afrika met die skerpste haarnaalddraaie.

Dis 'n baie steil grondpadpas, wat hoë eise gestel het aan die ou voertuie, veral ten opsigte van oorverhitting van verkoelingstelsels met die opdraande deel van die pas en oorverhitting van remme met die afdraande. Alle motors het egter die uitdaging suksesvol voltooi.

Die Swartbergpas is 'n baie steil grondpadpas, wat hoë eise gestel het aan die ou voertuie.

Die Kalahari Oumotorklub is baie aktief met ongeveer 55 lede wat gereeld vergaderings en ekskursies bywoon. Van die lede woon so ver as Kathu, Olifantshoek en Pofadder.

Persone wat 'n liefde vir enige tipe veteraanmotor het en wat belangstel om by die aktiwiteite van die klub betrokke te raak, is welkom om vir Salmon Victor te kontak by 083 399 0855.

Die Kalahari Oumotorklub was weer deel van die George Motorskou.

Netwerk Koeriers
U eerste keuse in Koerierdienste
Flink oornagdiens teen die beste pryse na:
- Wes-Kaap (Roete N7 na Vredendal)
- Suid-Kaap (Roete N1 & N2 na George)
- Oos-Kaap (Roete N2 na Port Elizabeth)
- Noord-Kaap (Roete R27 na Upington)
- Namakwaland (Roete N7 na Springbok)
- Hermanus/ Bredasdorp Omgewing
- Saldanha / Vredenburg Omgewing
- Ceres / Tulbagh Omgewing

Nuwe Roetes:
- Gauteng (via Vryburg & Klerksdorp)
- Bloemfontein (via Prieska & Kimberley)

Die diens word verskaf aan die meeste dorpe op bogenoemde roetes.

Vir meer inligting skakel:
JAN THEART by 082 926 9694
Eenhede 3,4 & 5 Tee Jay Straat
Everite Park, Brackenfell
Tel: 021 982 8588
E-pos: accounts@netwerkkoeriers.co.za

CAPE TOWN - UPINGTON TO PRETORIA
VIA SPRINGBOK
POPULAR STOPS INCLUDE
Garies Pofadder Kakamas Kathu
Kuruman Klerksdorp Potchefstroom
BOOK YOUR SEAT NOW!
INTERCAPE
Safe • Dependable • Affordable
CONTACT US
Tel +27 (0)21 380 4400
Whatsapp +27 (0)21 380 4400
Email info@intercape.co.za
Prayer prayer@intercape.co.za
Web www.intercape.co.za

Gemsbok
Contact us:
Tel: 054 332 6017 Fax: 054 332 3055
E-mail: mailbag@gemsbok.co.za
Address: 60 Dr Nelson Mandela Drive, Upington

Code of Conduct
The Gemsbok proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and Online media which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on the Press Council's website, www.presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011 484 3612.

Publisher
Published by North West Newspapers (Pty) Ltd;
and printed by North West Web Printers (Pty) Ltd a division of CTP Limited,
13 Coetzer Street. All rights and reproduction of all reports, photographs, drawings and all materials published in this newspaper are hereby reserved in terms of Section 12 (7) of the Copyright Act No 96 of 1978 and any amendments thereof. North West Newspapers will assume no responsibility with regard to copyright of material submitted for publication by advertisers/readers. All artistic or creative work, photographs and advertising material submitted for publication are regarded exempt from all liability/claims by third parties.

Note: Clients, readers, participants and advertising agents guarantee that the reproduction of text and/or images provided to the media company for advertising purposes contravenes neither copyright legislation nor any other law.

PRICES TO LIGHTEN THE LOAD

SPAR

VALID UP TO AND INCLUDING 9 APRIL 2023 AT SELECTED SPAR WESTERN CAPE STORES

tops! at SPAR

Klipdrift
Export Brandy
750 ml

Get R10 off
Rewards Customers Pay
149.99

TOPSatSPAR

For your nearest TOPS at SPAR store, phone our share call number 0860 31 3141 or visit www.topsatspar.co.za. Specials available at all TOPS at SPAR stores up to and including 9 APRIL 2023, while stocks last. We reserve the right to limit quantities. Price and product availability may vary by region. Prices include VAT. No traders please.

#NO aware.org

Not For Persons Under The Age Of 18.

All Gold
Tomato Sauce
700 ml
29.99 each

Pasta Grande
Macaroni
or Spaghetti
500 g
13.99 each

Sunshine D
Original Spread
Tub 1 kg
39.99 each

My Butcher's choice
SERVING SUGGESTION
SPAR Select
Oukrans Boerewors
99.99 per kg

My Butcher's choice
SERVING SUGGESTION
SPAR Select
Beef Rump or Sirloin Steak
129.99 per kg

SPAR
Toilet Rolls
2-ply
350 Sheets
9's
59.99 each

Sunlight
Hand Washing
Powder
2 kg
56.99 each

My Fresh choice
SERVING SUGGESTION
freshline
Freshline
Ripe n Ready
Avocado 4s
29.99 each

My Fresh choice
SERVING SUGGESTION
freshline
Freshline
Mini Plum
Tomatoes 400 g
19.99 each

NAPPY THURSDAYS
Rewards Customers Get R20 off every Thursday

Huggies
Dry Comfort
Nappies
Value Pack
Assorted Sizes
119.99 per pack

THIS THURSDAY ONLY!
Rewards Customers Pay R99.99
Huggies Dry Comfort Nappies Value Pack
SAVE R100 per pack
6 APRIL ONLY

PRIZES TO POWER YOU UP!

WIN INVERTERS, GENERATORS AND POWER GADGETS!

Terms and conditions apply. Details in store now.

Spend R300 at any SPAR store
SMS the words POWER UP, your contact details and your till slip number to 47727
Prizes every week for 6 weeks!

*Maximum of 10 e-Coupons per customer, for each SPAR Rewards product featured.

SPAR SUPERSPAR KWIKSPAR

Specials available at **SPAR** Bayside, Belmont, Bonnievale, Brays, Brinks, Caledon, Calitzdorp, Calvinia, Citrusdal, Darling, De Dekke, De Doorns, Erica, Hamlet, Hartenbos, Heidelberg, Hopefield, Kakamas, Ladismith, Langebaan, Montagu, Mooreesburg, Oudtshoorn, Parow Valley, Port Nolloth, Porterville, Prince Albert, Q Square, River City, Saldanha, St Helena Bay, Stilbaai, The Bank, Touwsrivier, Tulbagh, Turner & Haupt, Victoria West, Wellington, Wilcks, Yzerfontein stores & **SUPERSPAR** Belhar, Boland, Bredasdorp, Cape Gate, Century, Ceres, Clanwilliam, Eersterivier, Gansbaai, Gateway, Grabouw, Haasendal, Kalahari Mall, Kleinmond, Kraaifontein, Kuilsriver, Laaiplek, Malmesbury, Mosselbay, Paarl East, Riversdale, Robertson, Springbok, Swellendam, The Vineyard, Vangate, Vredendal, Zevenwacht stores & **selected KWIKSPAR** stores up to and including **9 APRIL 2023**, excluding SPAR Express and SaveMor stores. While Stocks Last. Prices include VAT. No traders please. No wine or pork is sold in our Halaal stores.

Find us on /SPARWesternCape

www.spar.co.za

BE THE FIRST TO KNOW
ABOUT SPECIALS AT YOUR LOCAL SPAR!
JUST SCAN THE QR CODE,
SELECT YOUR NEIGHBOURHOOD SPAR
AND VIEW OUR SPECIALS!

TBWASWC1585/C

Kuier op jou dorp - Bylaag 2023

Die Gemsbok se immergewilde Toerisme bylaag is terug - MAAR - Hierdie keer trek hy 'n nuwe formaat baadjie aan.

In plaas daarvan om 'n groot saamgestelde bylaag - waarin ons kleiner dorpies soms wegraak - uit te bring, gaan die Gemsbok nou elke maand op 'n dorp fokus.

Dit beteken elke dorp kry sy eie bylaag.

